# 5 Februarie 2024 - Lesing 2 - Riglyne vir die Gilgalwiel gebed

Open met Gilgal gebed.

Mat 5:11 **Geseënd is julle** wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande besoedeling teen julle spreek om My ontwil.
Mat 5:12 Verbly en verheug julle **omdat julle loon groot is in die Hemele;** want so het hulle die Profete vervolg wat voor julle gewees het.
Mat 5:38 Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. [Levítikus 24:19, 20, Deuteronómium 19:21]
Mat 5:39 **Maar Ek sê vir julle dat julle 'n besoedelde adamiet nie moet weerstaan nie**; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.
Mat 5:40 En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry.

Mat 5:43 Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou volksgenote liefhê en jou teëstander moet jy haat.
Mat 5:44 Maar Ek sê vir julle: **Julle moet jul teëstanders liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;** [Wysheid van Sirah 28:1]
Mat 5:45 sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die Hemele is; **want Hy laat Sy son opgaan oor besoedeldes en suiweres, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges**.
Mat 5:48 **Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die Hemele volmaak is**.

Mat 7:1 **MOENIE oordeel nie**, sodat julle nie geoordeel word nie.
Mat 7:2 Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.

Eph 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die **owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis** van hierdie eeu, teen die **bose geeste in die lug**.

Die Nuwe Gelofte te Gilgal Klipwiel gegee op 28 Oktober 2008 aan die Dogter van Sion

**INLEIDING**

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die opregting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

**DIE VERBOND**

My verbond met julle is die volgende:
Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle ‘n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.

**DIE GELOFTE**

Julle gelofte is as volg:
Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.

## DIE SEËN DEUR JAHSHUA GEGEE AAN DIE BOEREVOLK

Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.
Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.
Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai
En die arend se gesang uitrys bo die kraai.
Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,
Edel is die hart wat Liefde verkies.
Edel is die Man wat hart aan hande bind
En die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.
Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel waarin My Brood nou breek.
Amein.